




DRIE FRAAI TOPPIES



Afb. 1



Afb. 2

BLOU TOPPIE

BENODIGDHEDE: Pingouin Nr. 5 (250-g-keëls of 50-g-bolle) ongeveer 150 g blou en 50 g donkerblou; breinaalde van 4 mm; hekelpen van 3,50 mm.

MATE: Om borsmaat van 51 tot 56 cm te pas.

SPANNING: 25ste en 36 rye = 10 x 10 cm oor siersteek, met garing dubbel en 4,00-mm-breinaalde.

AFKORTINGS: Brei: r - brei regs; aw - brei aweregs; st(e) - steek (steke); enkelrif - enkelrifsteek (deurgaans een steek regs, een steek aweregs); gl - glipsteek; g2awg - glip twee steke aweregsgeuys; vermeer - vermeerder; vermin - verminder; beg -

begin; alt - alternatiewe; pat - patroon; vlg - volgende; weersk - weerskante; RK - regte kant; VK - verkeerde kant. **Hekel:** ks - kettingsteek; kb - kortbeen.

AGTERPANT: Met blou en garing dubbel, stel 68 ste op en brei 5 cm enkelrif.

Slaan oor na siersteek.

1e en alle VK-rye: gl 1, aw tot einde.

2e ry: gl 1, r1, (r2, g2awg) 7 keer, r3, g2awg, r3, (g2awg, r2) 7 keer, r2.

4e ry: gl 1, (r2, g2awg) 16 keer, r3.

6e ry: gl 1, r1, g2awg, (r2, g2awg) 7 keer, r4, (g2awg, r2) 8 keer.

8e ry: r1, g2awg, (r2, g2awg) 7 keer, r6, g2awg, (r2, g2awg) 7 keer, r1.

Dié 8 rye vorm die siersteek. Raadpleeg ook afb. 1. Herh dié 8 rye tot werk 22 cm lank is vanaf begin.

Armsgatvorming: Heg 5 ste af aan beg van

vlg 2 rye, vermin 1 st aan weersk van vlg 4 rye, vermin daarna 1 st aan weersk van daaropvlg alt rye 3 keer, vermin daarna 1 st aan weersk van elke 3e ry 3 keer — 38 ste bly oor.

Brei 8 rye reguit in siersteek.

Halsvorming: Brei 14 rye siersteek, heg middelste 10 ste af en brei voort op oorbl 14 ste. Vermin 1 st aan halsrand van vlg 3 rye, vermin daarna 1 st aan halsrand van daaropvlg 3 alt rye — 8 ste bly oor.

Brei voort in siersteek tot werk 25 cm lank is vanaf begin van armsgatvorming, heg af. Brei ander skouerband op dieselfde manier, alle vormings omgekeerd.

VOORPANT: Soos agterpant tot armsgatvorming.

Heg 6 ste af aan beg van vlg 2 rye, vermin daarna 1 st aan weersk van vlg 6 rye, vermin

daarna 1 st aan weersk van vlg 3 alt rye, eindig na 13e ry.

14e ry: Brei 15 ste pat, heg middelste 8 ste af, brei voort op oorbl 15 ste. Vermin 1 st aan halsrand van vlg 4 rye, vermin daarna 1 st aan beg van vlg 3 alt rye. Brei voort oor 8 ste om met skouerband van agterpant ooreen te stem. Brei ander skouerband op dieselfde manier, met vorming omgekeerd.

AFWERKING: Borduur motief op linker-kant van voorpant, met ketting- en satyn-steke. Raadpleeg afb. 2. Werk synate toe. Hekel 'n rondte kortbeen en 'n rondte: *2kb, (1kb, 2ks, 1kb) in vlg kb* oor halsrand en armsgatrande.

DONKERPIENK TOPPIE

BENODIGDHEDE: Pingouin Nr. 5 (50-g-bolle of 250-g-keëls) ongeveer 150 g donker-pienk (H) en 50 g ligpienk (K), paar breinaalde van 4,50 mm; hekelpenne van 2,50 mm en 3,50 mm.

MATE: Om borsmaat van 51 tot 56 cm te pas; synaat 25 cm.

SPANNING: 24 ste en 40 rye = 10 x 10 cm oor siersteek met garing dubbel.

AFKORTINGS: Brei: r - brei regs; aw - brei aweregs; st(e) - steek(steke); enkelrif - enkelrifsteek, (= deurgaans een steek regs, een steek aweregs); gs - glipsteek; glawg - glip een steek aweregsgeuys; vermeer - vermeerder; vermin - verminder; beg - begin; alt - alternatiewe; RK - regte kant; VK - verkeerde kant; weersk - weerskante. **Hekel:** ks - kettingsteek; kb - kortbeen; lb - langbeen.

VOOR- EN AGTERPANT (Eenders): Met H stel 66 ste op en brei 4 cm enkelrif.

Slaan oor na siersteek.

1e en alle VK-rye: aw tot einde.

2e ry: (RK) glawg, aw1 tot einde.

4e ry: aw1, glawg tot einde.

Dié 4 rye vorm die siersteek.

Brei siersteek tot werk 23 cm lank is vanaf beg.

Armsgatvorming: Heg 8 ste af aan beg van vlg 2 rye, vermin 1 st aan weersk van elke alt ry 3 keer — 44 ste bly oor — eindig na 'n aw-ry.

8e ry: Brei 18 ste siersteek, heg middelste 8 ste af, brei voort op laaste 18 ste.

Voltooi elke skouer afsonderlik. Heg aan halsrand 3 keer, 2 ste af en brei dan reguit voort tot werk 13 cm lank is vanaf begin van armsgatvorming. Heg oorbl 12 ste af.

Voltooi ander skouer om ooreen te stem, met vorming omgekeerd.

AFWERKING: Werk sy- en skouernate toe.

Met 3,50-mm-hekelpen en ligpienk garing **dubbel**, hekel 1 ry kb oor halsrand en armsgatrande.



Met 2,50-mm-hekelpen en ligpienk garing **enkel** hekel (1kb, slaan 1 st oor, 5lb in vlg st, slaan 1 st oor) oor halsrand- en armsgatrande.

GESTREEPTE TOPPIE

BENODIGDHEDE: Ongeveer 100 g wynrooi en 50 g pienk Pingouin Nr. 5 (250-g-keëls of 50-g-bolle); paar breinaalde van 4,00-mm; oorskietlappies in bypassende kleure vir skouerbandjies en omranding; pienk, groen en blou borduurgaring.

MATE: Om borsmaat van 51 tot 56 cm te pas.

SPANNING: 24 ste en 30 rye = 10 x 10 cm oor koussteek met 4,00-mm-breinaalde.



AFKORTINGS: Brei: r - brei regs; aw - brei aweregs; st(e) - steek(steke); enkelrif - enkelrifsteek (= deurgaans een steek regs, een steek aweregs); ks - koussteek (= deurgaans een ry regs, een ry aweregs); vermeer - vermeerder; vermin - verminder; beg - begin; rs - reksteek (= elke ry regs); RK - regte kant; VK - verkeerde kant; weersk - weerskante.

AANWYSINGS: Dié toppie word aaneengebrei. Begin by synaat en brei agterpant eerste. Gebruik garing deurgaans dubbel.

Met wynrooi, stel 48 ste op en brei 90 rye ks. Plaas 'n merker aan weerskante in randsteke om tweede synaat aan te dui.

* Brei 10 rye ks met wynrooi, slaan oor na

pienk en brei 6 rye rs *. Herhaal, maar brei elke volgende pienk streep 7 steke korter en brei dié 7 steke koussteek met wynrooi — raadpleeg foto. Brei voort tot 5 pienk strepe voltooi is, brei dan 10 rye ks met wynrooi en heg af.

AFWERKING: Borduur blomme volgens afb. 3 voor op toppie, soos op foto gesien kan word, met satynsteek en stamsteek. Tel oor syrand van breiwerk, wat by middelstjie sal kom, 90 steke op en brei 4,5 cm enkelrifsteek vir middelboord. Werk naat toe. Boor halsrand van toppie met oorskietlappies om. Maak vier smal bandjies van oorskietlappies, 15 cm lank, en werk hulle in posisie voor en agter aan toppie vas.